## Gebedsversoeke

1. Jan Krielskool
2. Die werksaamhede van die laaste kwartaal
3. Die instandhouding van ons omgewing
4. Die blokbyeenkoms van Protea- en Alfablok
5. Elke inwoner by ons, sodat almal gelukkig en tevrede sal wees en God se nabyheid elke dag sal ervaar.

## Uit die Kerkraad:

1. Die netjiese afhandeling van Struisbaaikerk se dakprojek. Al die skroewe is geseël en 3 lae verf is geverf. Dankie vir jou instandhoudingswerk, Schalk.
2. Projekte & Funksies wat begin voorberei vir ons Desemberbasaar.
3. Al ons gemeente-aksies wat goed saamwerk.

### ALLEENLOPERS

'n Klompie ALLEENLOPERS het hier by ons aangekom, maar dit was nie al nie - ons was so bevoorreg om troppe te kon ontvang. Baie, baie dankie vir elke witolifant wat na ons kant toe gekom het. Dit het 'n wonderlike verskil gemaak. Ons wit-olifanttafel was propvol en ons kon 'n verskeidenheid items aanbied. Daar was iets van alles en dit is juis wat gesorg het dat die voorraad so te sê uitverkoop is. Daarom, uit my hart uit, baie, baie dankie.
Elize Oosthuizen.

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

11 Oktober 2026
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale Kollekte: Jan Krielskool

## Vooruitsig op die week

Maandag:
Dinsdag: 18:00 Alfa-en Proteablokke
Woensdag:
Donderdag: 10h00 Versorgers kom byeen in L'Agulhas
Vrydag: 07h30 Mannebybelstudie
Saterdag

'n Tiende Maand Dankoffer gee jy aan die Here. Hy het vir JOU aan die kruis gesterf en oorlaai jou elke dag met soveel seëninge. Die gee van jou dankoffer is 'n manier hoe jy jou dankbaarheid aan die Here wys. God moet heel eerste kom in jou lewe.



**Raad vir ekologies sinvol leef.**

Die groter fynbos-bioom bestaan uit ongeveer 9000 plantspesies! Die natuur-reservaat neffens ons woonbuurte bestaan uit 2000 inheemse plantspesies, dis stap-afstand. Om dit binne perspektief te plaas: die hele Groot Brittanje het net 80 spesies inheemse bome.

Baie welkom aan belydende lidmate Pieter en Letitia van Niekerk van Kempton Park-Oos.

## Verjaardae

| | | |
|---|---|---|
| Cabous | Harmse | 10/11 |
| Hilda | Marais | 10/11 |
| Hildegard | Meyer | 10/11 |
| Deon | vd Vyver | 10/11 |
| Era | de Wet | 10/14 |
| Frik | Eckley | 10/14 |
| Stephen | White | 10/15 |
| Louisa | Botha | 10/16 |
| Heidi | Coetzee | 10/16 |
| Babs | Huysamen | 10/16 |
| Hester | v Heerden | 10/16 |
| Josua | Verster | 10/16 |
| Karin | Crous | 10/17 |
| Pine | Pienaar | 10/17 |
| Annette | v Zyl | 10/17 |

### JAN KRIELSKOOL

Jan Krielskool bied onderrig aan leerders van graad R tot graad 12. Die kurrikulum is dieselfde as dié van hoofstroomskole. Klasgroepe is aansienlik kleiner as in hoofstroomonderrig en onderrigtegnieke word aangepas om die individuele opvoedkundige behoeftes van leerders aan te spreek. 'n Uitgebreide ondersteuningspan is beskikbaar om die fisiese, sosiale, emosionele en akademiese behoeftes en ontwikkeling van leerders te ondersteun en te bevorder. Die Jan Krielskool werf hoofsaaklik fondse om vir Jan Kriel se kinders die nodige hulpbronne en geleenthede te bied. Jou bydrae help dat die skoolfonds bekostigbaar is vir ouers en dat elke Jan Krieler werklik 'n kans kry!

### Gedagte vir Oktober, geanker in Koninkryksperspektief.

Op voetspoor van ons laaste gesprek oor die sintuig van aanraking, dink ons vandag verder oor "hande." Daar is twee ankermomente wat Jesus se aardse lewe omspan. Albei het met oop hande te doen: die eerste _ontvang_, die tweede _gee oor_. Dit begin wanneer die Gees met Jesus se doop soos 'n duif op hom neerdaal en 'n stem uit die hemel bevestig: "Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My" (Luk 3:22). Die tweede keer is wanneer Jesus aan die kruis bid, "Vader, in u hande gee ek my gees oor" (Luk 23:46). Beide uitsprake het wortels in die Ou Testament. Albei verwys na donker dieptes in die verlede, en gebeur ook in donker omstandighede. In die eerste geval eggo dit woorde oor God se dienskneg in Jes 42:1, uit 'n plek van ballingskap. Pas nadat Jesus hierdie woorde gehoor het en as God se geliefde bevestig is, word hy die woestyn in geneem en veertig dae lank versoek. In die tweede geval onthou Jesus waarskynlik die woorde van Ps 31:6, _In u hand gee ek my gees oor_, as 'n gebed waarmee hy grootgeword het. Tien teen een het sy ouers hom hierin voorgeleef en seker gemaak dat hy dit van kleins af herhaal as hy gaan lê en as hy opstaan, en dat hy dit as 'n teken op sy hand en versiering op sy voorkop dra (Deut 6:4-9). Dáárom kon hy dit in sy sterwensuur waag om sy gees, sy asem, sy ganse bestaan in dieselfde betroubare hande oor te gee wat hom tot daar gebring het. So ook sy volgeling Stefanus toe die klippe op hom reën (Hand 7:59).Hoe meer die jaar spoed optel, hoe meer verlang ek daarna om met óóp hande te leef. Soos Jesus wil ek, wanneer ek my _oë_ soggens oopmaak, ook my _hande_ oopmaak. Stadig en bewustelik wil ek _ontvang_ wie ek is: God se geliefde. En wil ek my gees, my lewenskern, my hele wese, en dié van my naastes, in God se hande _oorgee_. Wil ek beheer wéggee. Buite myself anker. Toevertrou waar dit vertrou kan word: in dié hande wat my geskep, vertroetel, bewaar en geseën het – 'n leeftyd lank. Nie net as noodroep in krisistye nie, maar as leefstyl vir elke gewone dag.

## Kontakbesonderhede

**Kerkkantoor**
Erna Schuite
0284356789 suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
0820558921
andragmeyer@gmail.com
**Koster**
Elize Oosthuizen
0608844756
**Facebook:** NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
**Webblad:** suidpuntngkerk.co.za
**Bankbesonderhede:**
NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

## Kollektes/dankoffers

Daar sal vanaf eerskomende Sondag 'n Yoco masjien in albei kerkgeboue wees. Lidmate wat hul bankkollekte en/of maandelikse dankoffer op hierdie manier wil betaal, kan na afloop van die diens hiervan gebruik maak. Daar was navraag oor die beskikbaarstelling van debietorders vir die maandelikse dankoffers. Baie min mense het aangedui dat hulle hiervan gebruik wil maak. Dit gaan ook gepaard met adminkoste.
Ons glo dat die beskikbaarstelling van die Yoco masjiene dit baie geriefliker vir lidmate sal maak.